# Direkte en Indirekte Rede.

**Belangrik om te onthou:**

1. Direkte Rede het aanhalingstekens (" "); Dubbelpunt (:); vraagtekens (?); Uitroeptekens (!) en punt (.).

2. Indirekte Rede het <u>NIE</u> “ ” : ? ! <u>NIE</u>

3. Die dubbelpunt (:) verander na:
   - ➡ "dat" as dit ŉ stelling is.
   - ➡ "of" as dit ŉ vraag is.

4. Net die gedeeltes in " " word verander vir indirekte rede.

5. Wat sal verander?
   - ➡ Werkwoord (V1) se plek.
   - ➡ Voornaamwoorde (verwys terug na woorde voor :)
   - ➡ Tydwoorde (T)

6. Werkwoord 1 (V1) van " " gaan altyd na die einde van die sin: HOEKOM???
   "dat" is ŉ groep 3 voegwoord.
   - ➡ As V1 in teenwoordige tyd is: skuif V1 na V2 se posisie.
   - ➡ As V1 ŉ "het" is, word dit na V2 geskryf.
   - ➡ As V1 [redacted] ŉ hulpwerkwoord is, [redacted] word dit voor [redacted] V2 geskryf.

7. Gebruik <u>altyd</u> kleur.

Marie sê ⊗ ⊗Ek hou nie van skool nie.⊗
Jannie vra⊗ ⊗Mag ek 'n koeldrank kry?⊗⊗
Die onderwyser beveel : "Kinders, doen julle huiswerk!⊗⊗
Hy het gesê ⊗ ⊗Ons het die wedstryd vandag verloor.⊗

Voorbeeld 1

Marie sê ⊗ dat⊗ sy ~~Ek~~ ~~hou~~ nie van skool hou nie.⊗

Stap 1: Haal uit wat nie daar hoort nie. Vervang : met "dat".
Stap 2: Na wie verwys die subjek in die " " "ek", verander soos aangedui. Onthou om hoofletter 'n kleinletter te maak.
Stap 3: Onderstreep V1 en onthou dat hy na die einde van die sin skuif in V2 posisie.
Stap 4: Herskryf sin soos wat veranderinge aangebring is.

Antwoord: Marie sê dat sy nie van skool hou nie.

Hoekom word "hou" nie na "nie" gesit nie?

Nee, S V1 N TOM P V2 I N

Nee, N + N = Ontkenning.

## Voorbeeld 2

Jannie vra ⊗ [of] Mag ek [hy] 'n koeldrank [mag] kry ? ⊗

**Stap 1:** Haal uit wat nie daar hoort nie. Vervang ? met "of" omdat daar 'n ? is.

**Stap 2:** Na wie verwys die subject in die " " "ek", verander soos aangedui.

**Stap 3:** Onderstreep V1 en onthou dat hy na die einde van die sin skuif VOOR V2 se posisie. HOEKOM voor V2 ?

mag is 'n hulpwerkwoord.

Ander hulpwerkwoorde : wil / wou
kan / kon
moet / moes
sal / sou

**Stap4 :** Herskryf sin soos wat verandering aangebring is.

**Antwoord :** Jannie vra of hy 'n koeldrank mag kry.

Voorbeeld 3

Die onderwyser **beveel** (dat) Kinders, ~~doen~~ julle (hulle) huiswerk (!)

(vi moet, vz doen)

Stap 1: Haal uit wat nie hoort nie. Vervang : met "dat" omdat daar 'n ! is.
beveel : "moet" word by sin ingesit.

Stap 2: Na wie verwys die "julle" in die " ".
Verander soos aangedui.

Stap 3 : Onderstreep vi en onthou dat hy na die einde van die sin in vz posisie skuif.
"moet" is 'n hulpwerkwoord en word daarom voor "doen" geskryf.

Stap 4 : Herskryf sin soos wat verandering aangebring is.

Antwoord: Die onderwyser beveel dat die kinders hulle